



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2012**

**GESKIEDENIS V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE:** 150

---

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.

---

## BRONGBASEERDE VRAE

- 1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is in hierdie vraestel gebruik om kandidate te assesseer:

LEERUIT-KOMSTE	ASSESSERINGSTANDAARDE Leerders kan die volgende doen:
<b>Leeruitkoms 1</b>  <b>(Geskied-kundige ondersoek)</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word te ontleed. <b>(Nie vir eksamendoeleindes nie.)</b></li> <li>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. <b>(Nie vir eksamendoeleindes nie)</b></li> <li>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.</li> <li>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.</li> </ol>
<b>Leeruitkoms 2</b>  <b>(Geskied-kundige begrippe)</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.</li> <li>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.</li> <li>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.</li> </ol>
<b>Leeruitkoms 3</b>  <b>(Vertolking van kennis en kommunikasie)</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek krities die gevolgtrekkings wat uit die data blyk.</li> <li>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.</li> <li>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.</li> <li>4. Dra kennis en begrip skriftelik oor op 'n verskeidendheid maniere insluitende besprekings (geskrewe of verbaal), debat, die skep van 'n geskiedkundige skrywe deur verskillende genres te gebruik, navorsingstake, grafiese en orale voorstellings.</li> </ol>

**1.2 Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

<b>VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE</b>	
<b>VLAK 1 (V1)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronre.</li> <li>• Organiseer die inligting logies.</li> <li>• Verduidelik geskiedkundige begrippe.</li> </ul>
<b>VLAK 2 (V2)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategoriseer gesikte of toepaslike inligtingsbronre wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.</li> <li>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronre versamel is.</li> <li>• Evalueer die inligtingsbronre wat verskaf word om te besluit of die bronre gesik is vir die taak.</li> </ul>
<b>VLAK 3 (V3)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretier en evalueer inligting en data uit die bronre.</li> <li>• Ondersoek inligtingsbronre en evalueer die nut van die bronre vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.</li> <li>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.</li> <li>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.</li> <li>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk kritis.</li> </ul>

**1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vroe geassesseer word:**

- |  |
|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• By die nasien van alle brongebaseerde vroe moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, redenasies, bewyse of voorbeeldre.</li> <li>• By die toekenning van punte moet bepaal word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.</li> <li>• By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.</li> </ul> |
|--|

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 VLAK VAN VRAAG

#### Vlak 1

- Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die vraag uiteengesit word.
- Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik.

#### Vlak 2

- Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.
- Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.
- Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel.

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESifieKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÈ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESifieKE OPSTEL.**
- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OPE-END BRONGERIGTE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

#### Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samstellende dele te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en te reproducere sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

### Assesseringsprosedures van uitgebreide skryfwerk

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n koeëlpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met 'n koeëlpunt), 'n relevante slotopmerking (ook aangedui met 'n koeëlpunt). By 'n antwoord waar daar 5 hoofmomente is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:
  - Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
  - verkeerde stelling
  - irrelevante stelling



- herhaling R
- analyse A\
- interpretasie I\

#### 4. Die matriks

##### 4.1 Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessorering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 6)

By die nasien van uitgebreide skryfwerk moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke

- 4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en die **inhoudsvlak** (op die matriks) word toegeken.

I	VLAK 4	

- 4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	

- 4.1.3 Ken 'n finale punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	18 – 19

##### 4.2 Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

I&A	VLAK 5	18 – 20
-----	--------	---------

**GRAAD 11 ANALITIESE Matriks vir uitgebreide skryfwerk: totaal: 30**

<b>AANBIEDING</b>	<b>VLAK 7</b> Baie goed beplan en gestructureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig .	<b>VLAK 6</b> Goed beplan en gestructureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike argument ontwikkel. Gebruik getuénis om die argument te ondersteun.	<b>VLAK 5</b> Skrywe gestructureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuénis. Getuénis gebruik om argument te ondersteun.	<b>VLAK 4</b> Argument beplan en gestructureer. Getuénis gebruik om te ondersteun. Oorspronklike slotsom bereik. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuénis nie.	<b>VLAK 3</b> Argument beplan en gestructureer. Getuénis gebruik as ondersteuning. Slotsom bereik op grond van getuénis. Skrywe gestructureer.	<b>VLAK 2</b> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/gepoog om argument te ontwikkel.	<b>VLAK 1</b> Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestructureerd nie.
<b>INHOUD</b>							
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is.	27 – 30	24 – 26					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is	24 – 26	23	21 – 22				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.		21 – 22	20	18 – 19			
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/irrelevante inhoudseleksie.			18 – 19	17	15 – 16		
VLAK 3 Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings.				15 – 16	14	12 – 13	
VLAK 2 Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord.					12 – 13	11	9 – 10
VLAK 1 Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant.						9 – 10	0 – 8

## GRAAD 11 HOLISTIESE Matriks om uitgebreide skryfwerk te assesseer (BV. 'n opstel wat verwys na bronne, verslag, nuusberig, ens.)

VLAK	Indien die kandidaat alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.
<b>7</b> <b>Uitstekend</b> <b>80 – 100%</b> <b>24– 30</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom</li> <li>Duidelike begrip van die bronne</li> <li>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan</li> <li>Selekteer relevante bronne</li> <li>Haal selektief aan</li> <li>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie bloot bronne te lys nie)</li> <li>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne</li> <li>Waar vanpas, word teenargumente volledig aangespreek</li> <li>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne</li> <li>Druk hom-/haarself duidelik uit</li> <li>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom)</li> </ul>
<b>6</b> <b>Verdienstelik</b> <b>70 – 79%</b> <b>21– 23</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Wend goeie poging aan om volhouwend te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus</li> <li>Duidelike begrip van die bronne</li> <li>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan</li> <li>Selekteer relevante bronne</li> <li>Haal selektief aan</li> <li>Moontlike gebrek aan diepte van algemene fokus of verwys nie na een of meer relevante bronne nie</li> <li>Indien van toepassing, poog om teen-argument te oorweeg</li> <li>Ietwat oppervlakkig of poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie</li> <li>Goeie uitdrukking</li> <li>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom)</li> </ul>
<b>5</b> <b>Substantief</b> <b>60 – 69%</b> <b>18– 20</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge</li> <li>Begryp meeste van die bronne</li> <li>Gebruik meeste van die bronne</li> <li>Selekteer relevante bronne</li> <li>Goeie gebruik van getuienis uit die bronne</li> <li>Goeie poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)</li> <li>Goeie poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne</li> <li>Goeie uitdrukking, maar met foute</li> <li>'n Grootliks onoortuigende poging om standpunt in te neem (<u>beperkte poging om oorspronklike slotsom te bereik</u>)</li> </ul>
<b>4</b> <b>Gemiddeld</b> <b>50 – 59%</b> <b>15– 17</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus</li> <li>Gemiddelde begrip van meeste van die bronne</li> <li>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne</li> <li>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)</li> <li>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne</li> <li>Uitdrukking toereikend</li> <li>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel</li> <li>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak</li> </ul>
<b>3</b> <b>Toereikend</b> <b>40 – 49%</b> <b>12– 14</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Swak poging om te fokus op die onderwerp</li> <li>Min begrip van die bronne</li> <li>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig</li> <li>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant</li> <li>Geen of baie swak poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)</li> <li>bronne word gelys</li> <li>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie</li> <li>Swak uitdrukking</li> <li>Swak poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom)</li> </ul>
<b>2</b> <b>Elementêr</b> <b>30– 39%</b> <b>09– 11</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik slegs een of twee bronne</li> <li>Kan nie relevante bronne identifiseer nie</li> <li>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant</li> <li>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie (waar van toepassing)</li> <li>Skryfwerk blyt 'n lys van bronne</li> <li>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie</li> <li>Baie swak uitdrukking</li> <li>Swak poging om standpunt in te neem, of glad nie</li> </ul>
<b>1</b> <b>Nie behaal nie</b> <b>0 – 29%</b> <b>0– 8</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Geen poging om op die onderwerp te fokus nie</li> <li>Maak glad nie gebruik van bronne nie</li> <li>Heeltemal irrelevant</li> <li>Antwoord uiter swak</li> <li>Bronne oorgeskryf sonder relevansie</li> </ul>

**VRAAG 1****HOE HET DIE VYFJAARPLANNE RUSLAND IN 'n MAGTIGE STAAT OMSKEP?**

- 1.1 1.1.1 [Onttrekking van inligting uit Bron 1A-V3-LU1(AS3&4); LU2(AS3); LU3(AS2)]
- Die eienaarskap van grond deur gewone mense ontslae te raak
  - Om die voedsel-probleem op te los
- (2x1) (2)
- 1.1.2 [Interpretasie en ontleiding van inligting uit Bron 1A-V3-LU1(AS3&4); LU2(AS3); LU3(AS2)]
- (a) **Kollektivisering**
- Kombinering van kleiner plase om groter staat plase te vorm
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 1x2) (2)
- (b) **Meganisering**
- Gebruik van masjinerie om plase te bewerk
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 1x2) (2)
- 1.1.3 [Interpretasie en ontleiding van bewyse uit Bron 1A-V2-LU2(AS3); LU3(AS2)]
- Nee: boere het voedsel weggesteek
  - Boere gedwing om plase te oorhandig
  - Enige ander relevante antwoord.
- (Enige 2x1) (2)
- 1.2 1.2.1 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1B-V3-LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Plase was gekollektifiseerd
  - Plase was gemeganiseerd
  - Geen privaat besit word toegelaat nie
  - Almal werk vir die staat
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 1x2) (2)
- 1.2.2 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1B-V3-LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Ryk of welgestelde kleinboer
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 1x2) (2)
- 1.2.3 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1C-V3-LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Hulle het hul vee doodgemaak
  - Geweier om te saai
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 2x1) (2)
- 1.2.4 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1C-V3-LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Afname in landbouproduksie
  - Tekort aan voedsel
  - Hongersnood
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 2x2) (4)

- 1.2.5 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1C-V3-LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Stalin het hulle vermoor/gelikwideer
  - Hulle is na Siberië gestuur
  - Enige relevante antwoord (Enige 2x1) (2)
- 1.2.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1C-V3-LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Bruikbaar: dis 'n primêre bron
  - Bruikbaar: as 'n foto, eerstehandse bewys van hoe kollektivisering gewerk het
  - Bruikbaar omdat dit wys hoe boere saam werk
  - Nie-brukbaar omdat dit wys nie die boere se weerstand teenoor kollektivisering nie
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x3) (3)
- 1.3 1.3.1 [Onttrekking en interpretasie van inligting uit Bron 1C-V3-LU1-(AS3&4); LU2(AS3); LU3(AS2)]
- Kleinboere voorsien hom met goedkoop industriële arbeid
  - Die uitvoer van grondstowwe om te betaal vir industriële masjinerie
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2x1) (2)
- 1.3.2 [Interpretasie van inligting uit Bron 1C-V3-LU1(AS3&4); LU2(AS3); LU3(AS2)]
- Hy was wreed
  - Zero-toleransie
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)
- 1.3.3 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne-V3-LU1(AS3&4), LU2(AS1,2,3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Boere bang
  - Boere het gewerk vir die staat in plaas daarvan om doodgemaak te word
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)
- 1.3.4 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1 C-V3-LU1-(AS3&4), LU2(AS1,2,3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Dit wys net na die suksesse van die Vyfjaarplanne
  - Wys nie wredeid van Stalin uit nie
  - Dit toon nie die weerstand van die boere teenoor kollektivisering nie
  - Bron begunstig Stalin se siening
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

- 1.4 1.4.1 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1D-V3-LU1-(AS3&4), LU2(AS1,2,3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Vyfjaarplanne nog nie geïmplementeer nie
  - Rusland nog onder die invloed van die NEB
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)
- 1.4.2 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1D-V3-LU1-(AS3&4), LU2(AS1,2,3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Kleinboere was gekant teen Vyfjaarplanne
  - Kleinboere nog ten gunste van NEB
  - Kleinboere het geweier om te saai en hul kuddes gedood
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)
- 1.4.3 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1D-V3-LU1-(AS3&4), LU2(AS1,2,3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)
- 1.5 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne-V3-LU1-(AS3&4), LU2(AS1,2,3); LU3(AS1,2,3&4)]
- Kleinboere se grond weggegneem sonder konsultasie
  - Kollektivisering afgedwing op kleinboere
  - Kleinboere se vryheid van keuse geskend
  - Boere gedwing om teen hulle wil te werk
  - Boere is gedood/reg om te lewe geskend
  - Kleinboere gestuur na Siberië
  - Geen regverdige verhoor
  - Kleinboere is gedwing tot hongersnood
  - Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken:**

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse in 'n elementêre wyse, bv. <b>toon min of geen begrip</b> van hoe die mense regte van boere geskend is.</li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp of kan nie oor die onderwerp skryf nie</li> </ul>	<b>PUNTE: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. <b>toon 'n begrip van hoe</b> die mense regte van boere geskend is.</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n baie basiese wyse</li> </ul>	<b>PUNTE: 3 – 4</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>demonstreer 'n deeglike begrip</b> van hoe die menslike regte van boere geskend is.</li> <li>• Bewyse het betrekking op onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat toon op 'n begrip van die onderwerp</li> </ul>	<b>PUNTE: 5 – 6</b>

(6)

## 1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 1.6.1 [Beplan en konstreeer 'n argument gebaseer op bewyse - gebruik analitiese en interpretasievaardighede-V1-LU1(AS3&4); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]

### **SINOPSIS**

Kandidate moet fokus op die drie Vyfjaarplanne

### **HOOFASPEKTE**

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

#### **Inleiding**

Kandidate moet aandui of hulle saamstem met die stelling of nie.

#### **Uitbreiding**

- Doel van Vyfjaarplanne
- Eerste Vyfjaarplan
- Landbou
- Nywerhede
- Tweede Vyfjaarplan
- Fokus op tekortkominge
- Derde Vyfjaarplan
- Produksie van oorlogsmateriaal

#### **Samevatting**

Kandidate moet die argument saamvat

**Gebruik die matriks op bladsy 6 om hierdie opstel te assesseer.**

(30)

- 1.6.2 [Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met bewyse uit die bronne en eie kennis om die argument te ondersteun-V2-LU1(AS3&4); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]

### **SINOPSIS**

Kandidate moet fokus op die drie Vyfjaarplanne

### **HOOFASPEKTE**

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

#### **Inleiding**

Dit is 'n beskrywende opstel en kandidate moet fokus op die volgende.

#### **Uitbreiding**

- Doelwitte van Vyfjaarplanne
- Eerste Vyfjaarplan
- Landbou
- Nywerhede
- Tweede Vyfjaarplan
- Fokus op tekortkominge
- Derde Vyfjaarplan
- Produksie van oorlogsmateriaal

#### **Samevatting**

Kandidate moet die argument saamvat

**Gebruik die matriks op bladsy 7 om hierdie opstel te assesseer.**

(30)

[75]

**VRAAG 2 WATTER FAKTORE HET BYGEDRA TOT DIE TYDPERK VAN EKONOMIESE WELVAART IN DIE V.S.A. IN DIE 1920's?**

- 2.1 2.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2A-V1-LU1(AS3) en interpretasie van bewyse uit Bron 2A-V2-LU2(AS3); LU2(AS2)]
- Amerikaanse nywerhede teen buitelandse mededinging te beskerm (1x2) (2)
- 2.1.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2A-V2-LU2(AS3); LU2(AS2)]
- Hoë belastings op buitelandse goedere gehef
  - Buitelandse goedere duurder as die Amerikaanse produkte
  - Amerikaanse plaaslike produkte goedkoper as buitelandse goedere
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)
- 2.1.3 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A-V2-LU1(AS3)]
- Boere opgesaal met oorskotte wat hulle nie kon verkoop nie
  - Europese boere begin produseer vir hulself
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)
- 2.1.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2A-V1-LU1(AS3&4)]
- Nee: na-oorlogse toestande het voorspoed geskep (1x3) (3)
- 2.1.5 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A-V3-LU1(AS3); LU2(AS3)]
- Europese ekonomieë was geruïneer na die oorlog
  - Europa was op Amerikaanse invoere afhanklik om hul ekonomie aan die gang te hou
  - Amerikaanse maatskappye het oor-produseer en uitgevoer na Europa
  - Amerikaanse besighede het baie geld gemaak
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)
- 2.2 2.2.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B-V1-LU1(AS3&4)]
- Krediet (1x1) (1)
- 2.2.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2B-V1-LU1(AS3&4)]
- Banke
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x1) (1)
- 2.2.3 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B-V2-LU1(AS3&4)]
- Banke hef rente op lenings
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

- 2.2.4 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B-V3-LU1(AS3); LU2(AS3)]
- Mense koop produkte wat hulle nie kon bekostig nie
  - Dit gestimuleer aanvraag
  - Die vraag skep werkgeleenthede
  - Mense verdien lone en spandeer
  - Produksiesiklus gaan voort
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 2x2) (4)
- 2.2.5 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B-V3-LU1(AS3); LU2(AS3)]
- Die idee dat die voorspoed vir ewig sou voortduur
  - Die idee dat almal ryk kan word
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 1x2) (2)
- 2.3 2.3.1 [Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 2C-V1-LU1(AS3)]
- Deur te belê in aandele
- (1x1) (1)
- 2.3.2 [Interpretasie en ontleiding van inligting uit Bron 2C-V3-LU1(AS3&4); LU2(AS3); LU3(AS2)]
- Mense het aandele gekoop deur net die deposito daarvoor te betaal
  - Aandele-pryse styg
  - Mense verkoop aandele – betaal bank en maak wins
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 2x1) (2)
- 2.4 2.4.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron-V3-LU1(AS3&4)]
- Rubber
  - Staal
  - Olie
  - Padkonstruksie
  - Behuising
  - Diensstasies
- (Enige 2x1) (2)
- 2.4.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2D-V1-LU1(AS3&4)]
- Model T Ford
- (1x1) (1)
- 2.4.3 [Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 2D-V2-LU1(AS3&4)]
- Werkgeleenthede geskep
  - Werkgeleenthede geskep vir ander nywerhede soos rubber, staal, ens.
  - Enige ander relevante antwoord
- (Enige 2x1) (2)

2.4.4 [Vergelyking van bronne, interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2D-V3-LU1(AS3); LU2(AS3)]

- 2A oorsprong van welvaart was die na-oorlogse toestande
- 2D oorsprong van welvaart was die motorbedryf
- 2A impak - nie almal put voordeel uit na-oorlogse ekonomiese toestande nie
- 2D impak - almal kon ryk raak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

2.5 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne-V3-LU1(AS3&4), LU2(AS1,2,3); LU3(AS1,2,3&4)]

- Nuttige: Bron 2A toon hoe die regering nywerhede beskerm
- Mense kan enigets op krediet koop
- Mense belê in aandele om hulself te verryk
- Motorbedryf baie werksgeleenthede geskep
- Werkskep geleenthede om jouself te verryk
- Werksgeleenthede stimuleer vraag
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken:**

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse in 'n elementêre manier, bv. <b>toon min of geen begrip van die ekonomiese welvaart van die mense in die VSA</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp of kan nie oor die onderwerp</li> </ul>	<b>PUNTE: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp bv. <b>toon 'n mate van begrip van die ekonomiese welvaart van die mense in die VSA</b></li> <li>• Gebruik bewyse in 'n baie basiese wyse</li> </ul>	<b>PUNTE: 3 – 4</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Gebruik relevante bewyse wat 'n deeglike begrip toon van die ekonomiese welvaart van die mense in die VSA.</b></li> <li>• Bewyse het betrekking op die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat toon op 'n begrip van die onderwerp</li> </ul>	<b>PUNTE: 5 – 6</b>

(6)

## 2.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 2.6.1 [Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse - gebruik analitiese en interpretasievaardighede-V1-LU1(AS3&4); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]

### **SINOPSIS**

**Kandidate moet fokus op die faktore wat gelei het tot die periode van ekonomiese welvaart in die VSA**

### **HOOFASPEKTE**

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

#### **Inleiding**

Kandidate moet verduidelik wat voorspoed beteken.

#### **Uitbreiding**

- Regering se beleid van nie-inmenging
- Fordney-McCumber-wet
- Motor-industrie
- Nuwe Tegnologie en massa produksie
- Advertensies en aankoop van goedere op krediet
- Loonverhogings in die 1920's
- Belegging in aandele

#### **Samevatting**

Kandidate moet hul argument saamvat

**Gebruik die matriks op bladsy 6 om hierdie opstel te assesseer.**

(30)

- 2.6.2 [Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met bewyse uit die bronne en eie kennis om die argument te ondersteun-V2-LU1(AS3&4); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]

### **SINOPSIS**

Kandidate moet aandui of die verklaring geldig is deur óf teen of saam te stem met die stelling

### **HOOFASPEKTE**

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

#### **Inleiding**

Kandidate moet vraag beantwoord.

#### **Uitbreiding**

- Regering se beleid van nie-inmenging
- Fordney-McCumber-wet
- Motor-industrie
- Nuwe Tegnologie en massa produksie
- Advertensies en aankoop van goedere op krediet
- Loonverhogings in die 1920's
- Belegging in aandele

#### **Samevatting**

Kandidate moet hul argument saamvat

**Gebruik die matriks op bladsy 7 om hierdie opstel te assesseer.**

(30)

[75]

**VRAAG 3 WAT WAS OORSAKE EN AARD VAN KLEURLING- EN INDIESE NASIONALISME?**

- 3.1 3.1.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3A-V1-LU1(AS3)]
- (a) **Kleurlinge**
- Gemengde ras (1x2) (2)
- (b) **Apartheid**
- Skeiding van ras (1x2) (2)
- 3.1.2 [Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 3A-V3-LU1(AS3&4); LU2(AS2&3)]
- Ontugwet
  - Wet op Bevolkingsregistrasie (2x1) (2)
- 3.1.3 [Interpretasie en onttrekking van bewyse uit Bron 3A-V2-LU3(AS3&4)]
- Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys verwijder
  - Kleurlinge had geen politieke regte
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)
- 3.1.4 [Interpretasie en onttrekking van bewyse uit Bron 3A-V3-LU3(AS3&4)]
- Kleurlinge doen 'n beroep op 'n nie-rassige stemreg
  - Kleurlinge vorm die Anti-CAD
  - Kleurlinge sluit aan by Versetveldtog
  - Kleurlinge neem deel aan weerstand van anti-apartheid stryd (Enige 2x2) (4)
- 3.1.5 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3A V1-V3(AS3&4)]
- Daar was teen hulle gediskrimineer
  - Hulle is gestroop van hul politieke regte
  - Hulle was met geweld verwijder
  - Hulle het besef dat hulle met ander onderdrukte minderhede moes saam werk om vryheid te verkry
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)
- 3.2 3.2.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3B-V2-LU1(AS3&4)]
- Apartheid
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)
- 3.2.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3B-V1-V3(AS3&4)]
- Hanover Park
  - Lavender Hill (2x1) (2)
- 3.2.3 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3B-V1-V3(AS3&4)][V1-LU2(AS1)]
- Nee - Mense het die reg om te kies
  - Vryheid van beweging
  - Mense het die reg om hul eie lot te bepaal
  - Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

- 3.2.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3B-V2-LU1(AS3&4)]  
• Vuurhoutjie dosie-huise - klein onvoldoende huise  
• Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)
- 3.2.5 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3C-V2-LU1(AS3&4)]  
• Misdaad  
• Werkloosheid  
• Armoede  
• Bendebedrywighede  
• Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)
- 3.3 3.3.1 [Onttrekking van bewyse uit bron-V3-LU1]  
• Vaspenwet van 1943  
• Asiatiese Handel en Besetting van Grond Beperkingswet (Enige 1x1) (1)
- 3.3.2 [Interpretasie van Bron V3-LU3 AS3&4)]  
• Indiërs was gekant teen Apartheid  
• Indiërs het die Nasionale Party teen gestaan  
• Indiërs ondersteun die idee van gelykheid  
• Enige ander relevante antwoord (Enige 1x2) (2)
- 3.3.3 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 3C-V3-LU1(AS3&4), LU2(AS1,2,3); LU3(AS1,2,3&4)]  
• Nuttig omdat dit wys hoe Indiërs onderdruk was  
• Dit toon dat Indiërs teen Apartheid was  
• Indiërs was nie bereid om te onderhandel oor hul regte nie  
• Indiërs het nie die verdeel-en-regeer-taktiek van die NP-regering geduld nie  
• Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

- 3.4 [Interpretasie, analyse en sintese van bewyse uit alle Bronne-V3-LU1(3&4); LU2(AS1,2,3); LU3(1,2,3&4)]

- Kleurlinge was teen gediskrimineer
- Kleurlinge verwyder van die gemeenskaplike kieserslys
- Indiërs vasgepen met betrekking tot grondeienaarskap en handel
- Kleurlinge ontvang onvoldoende behuising
- Beide groepe negatief beïnvloed deur Apartheid
- Beide groepe was minderheidsgroepe
- Beide groepe het besef dat hulle lot is gekoppel aan die bevrydingstryd van Swartes
- Beide was ten gunste van vrye, 'n nie-rassige regering

(6)

**Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken:**

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse in 'n elementêre wyse, bv. <b>toon min of geen begrip</b> van waarom Kleurlinge en Indiërs hulle met die Swart versetbeweging geïdentifiseer het.</li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp of kan nie oor die onderwerp skryf nie</li> </ul>	<b>PUNTE: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. <b>toon 'n begrip van waarom</b> Kleurlinge en Indiërs hulle met die swart versetbeweging geïdentifiseer het.</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n baie basiese wyse</li> </ul>	<b>PUNTE: 3 – 4</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>demonstreer 'n deeglike begrip</b> van waarom Kleurlinge en Indiërs hulle met die swart versetbeweging geïdentifiseer het.</li> <li>• Bewyse het betrekking op die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat toon op 'n begrip van die onderwerp</li> </ul>	<b>PUNTE: 5 – 6</b>

(6)

### 3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 3.5.1 [Beskrywende opstel - interpretatiewe vaardighede-V1-LU1(AS3&4); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3 &4)]

#### SINOPSIS

Kandidate behoort te verduidelik die redes vir die Kleurling-en Indiërs nasionalisme

#### HOOFASPEKTE

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

##### Inleiding

Kandidate moet 'n omskrywing van nasionalisme gee

##### Uitbreiding

- Posisie van die Kleurlinge en Indiërs onder die Britse bewind
- Posisie van die Indiërs en Kleurlinge onder Afrikaner-bewind
- Apartheidwetgewing teenoor Kleurlinge en Indiërs
- Kleurlingreakksie op Apartheid
- Indiërreakksie op Apartheid
- Die vorming van politieke partye
- Samewerking met die ANC
- Rol van die Kleurlinge en Indiërs in die vryheidstryd.
- Vryheidsmanifes
- Die Congress of the People/Die Kongres van die Mense
- Die optog van vroue
- UDF
- Die rol van Indiërs en Kleurlinge in die onderhandelingsproses
- Enige ander relevante antwoord

##### Samevatting

Kandidate moet hul argument saamvat deur te verwys nadie standpunt in inleiding

**Gebruik die matriks op bladsy 6 om hierdie opstel te assesseer.**

(30)

- 3.5.2 [Argumentatiewe opstel - bou 'n oorspronklike argumentbewyse uit die bronne en eie kennis om die argument te ondersteun -V2-LU1(AS3&4); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]

**SINOPSIS**

In die skryf van die artikel moet kandidate toon of hulle saamstem of nie saamstem met die verklaring nie en uitbrei

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**Inleiding**

Kandidate moet 'n kort verduideliking van minderheidsgroepe gee.

**Uitbreiding**

- Posisie van die Kleurlinge en Indiërs onder die Britse bewind
- Posisie van die Indiërs en Kleurlinge onder Afrikaner-bewind
- Apartheidwetgewing teenoor Kleurlinge en Indiërs
- Kleurlingreaksie op Apartheid
- Indiërreaksie op Apartheid
- Die vorming van politieke partye
- Samewerking met die ANC
- Rol van die Kleurlinge en Indiërs in die vryheidstryd.
- Vryheidsmanifes
- Die Congress of the People/Die Kongres van die Mense
- Die optog van vroue
- UDF
- Die rol van Indiërs en Kleurlinge in die onderhandelingsproses
- Enige ander relevante antwoord

**Samevatting**

Kandidate moet hul argument saamvat deur te verwys nadie standpunt in inleiding

**Gebruik die matriks op bladsy 7 om hierdie opstel te assesseer.**

(30)

[75]

**TOTAAL: 150**